MET GELOOF KONFRONTEER ONS RASSISME

TIEN DINGE OM IN DIE VASTYD TE DOEN

"Ons benodig om ernstig 'n openhartige gesprek oor rassisme in al sy vorme te voer, sodat ons rassisme en die rasseverdeeldheid in ons land op die regte manier kan aanspreek." (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).

In 2016 het ons biskoppe 'n pastorale brief oor rassisme en rasseverdeeldheid uitgebring. In dié brief het die biskoppe ons uitgedaag om as volgelinge van Christus 'n aktiewe rol te speel by die sloping van rassisme en die koestering van versoening onder al die rasse in Suider-Afrika.

Ons het verskillende boodskappe uit dié pastorale brief geneem en hulle omskep in die volgende tien aktiwiteite wat deel kan uitmaak van ons Vastydonderhouding.

1. Maak vriende met mense van verskillende rasse, etnisiteit en nasionaliteite. Gaan gedurende hierdie Vastyd vanjaar 'n nuwe vriendskap aan met ten minste een persoon uit 'n ander ras, etniese groep of nasionaliteit. *Onthou net dat "ons moet ophou om slegs ons eie mense lief te hê. Deur net diegene lief te hê met wie ons dieselfde rasse en etniese agtergrond deel, skiet ons tekort aan die liefde wat die Evangelie van ons vra. Die Here se woorde daag ons uit; as ons net ons broers en susters groet, "wat doen julle dan meer as ander? Maak die heidene nie ook maar so nie?" Mattheus 5: 47 (SAKBK Pastorale brief oor rassisme)*

2. Bid elke Vrydag 'n gebed om God te vra om die moeilike rasseverhoudinge in ons land te genees en te transformeer. Doen dit as gesin of as parogie, sodaliteit, religieuse kongregasie of as koor/jeuggroep. *Onthou "die taak van versoening verg waaksaamheid en ywerige gebed van elkeen van ons" (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

3. Vra om verskoning vir u eie deel aan individuele en sistemiese rassisme. Vra gedurende hierdie Vastyd om verskoning by ten minste een persoon wat 'n slagoffer was van u rassistiese aanmerkings, rassistiese grappe en rassistiese gedrag. Volg die voorbeeld van biskoppe wat self om verskoning gevra het. *" Soos die heilige Petrus bely het, werp ons onsself as u herders neer voor God en voor almal wat in pyn verkeer en vra ons om vergifnis vir ons historiese medepligtigheid aan rassisme binne die Kerk" (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

4. Maak werk van u vooroordele en partydigheid. Raak bewus van enige vooroordele wat u dalk mag koester teenoor mense van 'n ander ras, etniese groep en nasionaliteit. Wees bedag op stereotipering. Bly weg van veralgemenings. Gebruik hierdie Vastyd om te leer om mense te beoordeel op grond van u eie persoonlike ervaring van hulle

en nie op opvattings wat glo dat mense van ’n sekere groep (rassegroep, etniese groep of nasionaliteit) so optree nie.

5. Neem standpunt in. Moenie stilbly nie. Stilswye maak u medepligtig. Praat gedurende hierdie Vastyd uit en daag ten minste een persoon uit wat skuldig is aan rassistiese aanmerkings en rassistiese grappe in u familie, werksplek, religieuse kongregasie, skool, sosiale media platform en parogie.

6. Herken en staan sistemiese rassisme teen. Begin ’n gesprek in u familie oor “*ras, mag en voorreg” (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).* Stel bevoorregting aan die kaak, ook u eie. Neem ’n standpunt in *“teen ekonomiese ongelykhede wat aanwesig is in ons samelewing as gevolg van die diskriminerende rassewetgewing en praktyke van die verlede” (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

7. In plattelandse gemeenskappe waar daar kommersiële boerdery beoefen word, kan u met mense van ’n ander ras saamwerk om die volgende probleme aan te spreek: die moord op blanke boere, sowel as die onregverdige leef- en werksomstandighede van swart plaaswerkers.

8. Ontvang die Sakrament van Versoening ten minste eenkeer tydens die Vastyd. Toon berou en vra God om vergifnis vir u eie medepligtigheid aan die sonde van rassisme en rasse-verdeeldheid; *Onthou dat “wanneer ons uitreik na mekaar in openhartige en eerlike dialoog, is dit veral die Sakrament van Versoening wat belangrikheid en betekenis verkry. Juis daardeur nader ons, ons barmhartige Vader in ons sondigheid om genesing en vergifnis te vra” (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

9. Neem deel aan ten minste een gespreksgroep oor rassisme. Maak seker dat u Klein Christengemeenskappe, parogie, religieuse kongregasie, sodaliteite, koor/jeuggroep ten minste een groepsbespreking reël oor rassisme. *“Ons besef dat hierdie nie ’n maklike gesprek is nie, baie mense sou verkies om dit te vermy. Selfs die uitnodiging tot so ’n dialoog kan dalk ’n hele reeks gevoelens oproep, insluitende dié van self-regverdiging en eiegeregtigheid, of skuld en ontkenning, of aan die ander kant gevoelens van woede en verdriet. Dialoog wat rasioneel en respekvol is, is noodsaaklik sodat ons onsself oop kan maak om God se genesing te ontvang.” (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

10. Word ’n brugbouer in u parogie, werksplek en woonbuurt. Raak betrokke en wees bereid om bemiddelaar te wees waar daar verdeeldheid bestaan as gevolg van ras, etnisiteit en nasionaliteit. Bou brûe van hoop en verdraagsaamheid. Vernietig die mure van vrees en woede. *Onthou: “Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word” (Mattheus 5:9).* Alle pogings tot rasse versoening binne ons parogies, werksplekke en gemeenskappe moet gegrond wees in die behoefte om hoop en geregtigheid te herstel. Sulke pogings moet altyd daarna strewe om *“ongegronde vrese uit die weg te ruim en geregtigheid te bevorder” (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

"Deur ons viering van die Eucharistie, die simbool van eenheid in die Liggaam van Christus, vra ons die Here om verhoudings in ons bisdomme en parogies te genees en omvorm, sodat ons geloofsgemeenskappe kan word waar daar "nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer man of vrou is nie." *(Galasiërs 3: 28)" (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

Mag hierdie Vastydseisoen u eie persoonlike ontmoeting met die Gekruisigde Christus verdiep, Hy wat sy bloed uitgestort het om die ganse mensdom te red.

"Mag die Here van Vrede self, ons nasie die vrede, genesing en versoening gee waarna ons smag. (cf. 2 Thess. 3.16)" (SAKBK Pastorale brief oor rassisme).

©AFRIKAANSE VERTALING DEUR DIE AFRIKAANSE TAALPASTORALE STREEK VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE